KRUGER
Internasionaal

# Maandelikse Beleggingsverslag: Kruger Ci Aandelefonds

## April 2018

KRUGER
Internasionaal

# Kruger Internasionaal Ekonomiese Kommentaar

**Internasionaal:**

Aandelemarkte het herstel in April danksy die verlangsaming van geopolitieke spanning in die Koreaanse skiereiland en die beplande ontmoeting tussen die Noord Koreaanse en Amerikaanse leiers. Hierdie positiewe verwikkeling is egter grootliks ongedaan gemaak deur die Amerikaanse onttrekking uit die Iranese kernkrag ooreenkoms, die moontlike herinstelling van sanksies en gepaard daarmee die vars konflik tussen Israel en Palestinië. Gelukkig het die ontwikkelende handelsdispuut tussen Amerika en China ietwat afgekoel. Op die Amerikaanse politieke front hang die voortslepende Mueller-ondersoek na moontlike samespanning tussen die Trump-veldtog en die Russe soos 'n skaduwee oor die Trump-presidentskap en dra by tot beleggers se onsekerheid gegewe die naderende middel termyn verkiesing. Amerikaanse indiensnemingsyfers vir April het weer teleurgestel – 164 000 nuwe werksgeleenthede teenoor die verwagte 195 000 is geskep maar werkloosheid het verder gedaal tot 3.9% vanaf 4.1% terwyl gemiddelde uurlikse lone effens verswak het tot 2.6%. Met die rapporteringseisoen vir die eerste kwartaal wat ten einde loop het die uitstekende winste alle verwagtings oortref en teen die agtergrond van 'n sterk ekonomie en belastinghervorming word meer van dieselfde verwag. Met die uitsondering van die MSCI Opkomende Markte-indeks wat met -0.11% (+0.82%jtd) gedaal het, het die MSCI Alle Lande gestyg +0.81% (+0.33%jtd); Dow Jones +034% (-1.63%jtd) en S&P 500 indekse met +0.38% (-0.38%jtd)– alles in Amerikaanse dollars.

**Plaaslik:**

Op die plaaslike front is die golf van Rhamaphoria steeds besig om te taan en alhoewel groeiverwagtings verbeter het bly dit steeds swak in vergelyking met die res van die wêreld. Ofskoon verbruiker en besigheidsentiment danksy die positiewe politieke verwikkelings herstel het van 2017 se laagtepunte, is die verswakking dalk gestop maar is SA nog nie in veilige waters nie. Betreffende ekonomiese data het mynbou en vervaardiging gedurende die eerste kwartaal teleurgestel, SACCI se besigheidsvertroue indeks na die opwelling aan die begin van die jaar vir die derde agtereenvolgende maand (April) gedaal en het SA se allerbelangrike werkloosheidsyfer weer gestol op 26.7% in die eerste kwartaal. Brokkies goue nuus was die Absa en Standard Bank PMI-indekse wat weer bokant 50 gestyg het, 'n opswaai in uitvoere wat tot 'n positiewe handelsbalans in April gelei het en positiewe leidende aanwysers in Februarie. Verbruikersinflase (VPI) het verder verlangsaam tot 3.8% in Maart teenoor Februarie se 4.2% en PPI van 4.2% tot 3.7%, maar teen die agtergrond van stygende oliepryse en die verswakkende rand lyk hierdie na die trog vir hierdie inflasiesiklus. Die kanse vir nog 'n rentekoersdaling lyk dus uiters skraal. Danksy die swakker rand en belyn met oorsese markte het die FTSE JSE Algehele-indeks met +5.37% (-0.92%jtd) in April gestyg. Die Kruger-portefeuljes was ewe sterk – Aandele +4.52% (+0.49%jtd); Gebalanseerd FoF +3.07% (-0.04%jtd); Voorsorg FoF +2.70% (+1.05% jtd) en Wêreld +5.35%(-0.72%jtd).



Source: Morningstar Direct

KRUGER
Internasionaal

## Prestasie Tabel

### Snapshot of Returns

As of Date: 30/04/2018    Data Point: Return    Currency: South African Rand

| | 1 Year | 2 Years | 3 Years | 4 Years | 5 Years |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kruger Ci Equity A** | 9.42 | | | | |
| **SA CPI +7%** | 10.81 | 11.97 | 12.41 | 12.07 | 12.26 |
| **(ASISA) South African EQ General** | 5.99 | 4.13 | 1.99 | 4.72 | 8.69 |

All returns refer to A-class returns and returns for longer than 12 months are annualised.

Actual month-on-month CPI figures are used in the calculations, typically with a one-month lag.

## Rollende 36 maande prestasie

### Rolling Returns

Time Period: 01/07/2017 to 30/04/2018

Currency: South African Rand    Rolling Window: 3 Years 1 Month shift






Source: Morningstar Direct

KRUGER
Internasionaal

## Maandelikse Prestasie Tabel

**Kruger Ci Equity A - Monthly Returns**

| | Jan | Feb | Mar | Apr | May | Jun | Jul | Aug | Sep | Oct | Nov | Dec | **Year** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2017** | | | | | | | 5.58 | 1.67 | -0.68 | 5.98 | 2.06 | -1.72 | **14.24** |
| **2018** | 0.10 | -0.65 | -3.33 | 4.52 | | | | | | | | | **0.49** |

## Risiko Analise

**Drawdown**

Time Period: 01/07/2017 to 30/04/2018






Source: Morningstar Direct

KRUGER Internasionaal

## Prestasie relatief tot kompetisie

### Rolling Returns

Time Period: 01/05/2013 to 30/04/2018

Rolling Window: 3 Years 1 Month shift    Calculation Benchmark: (ASISA) South African EQ General




## Disclaimer

This document is not intended to address the personal circumstances of any Financial Services Provider's (FSP's) client nor is it a risk analysis or examination of any client's financial needs. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long terms investments.

The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. CIS are traded at ruling prices and can engage in borrowing and scrip lending. Different classes of units apply to this portfolio and are subject to different fees and charges. A schedule of fees and charges is available on request from Ci.

Ci does not provide any guarantee either with respect to the capital or the return of the portfolio. Forward pricing is used. Fluctuations or movements in exchange rates may cause the value of underlying international investments to go up or down. International Investments may include additional risks such as potential constraints on liquidity and repatriation of funds, macroeconomic risk, political risk, foreign exchange risk, tax risk, settlement risk as well as potential limitations on the availability of market information. The portfolio may be closed from time to time in order to manage it more efficiently in accordance with its mandate.

A fund of funds is a portfolio that invests in portfolios of collective investment schemes, which levy their own charges, which could result in a higher fee structure for the fund of funds. The Kruger portfolios are portfolios established and administered by Ci, and Kruger has been appointed to manage and market the portfolios. Additional information on the portfolio may be obtained, free of charge, directly from Ci.

Ci is an affiliate member of the Association for Savings & Investment SA (ASISA).


FSP: Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Pty) Ltd, FSP number 521, Tel: (011) 726 7700 Fax: (011) 219 7111
Company/scheme: Ci Collective Investments (RF) (Pty) Limited, PO Box 412249, Craighall, 2024; Tel: 0861 000 881, website: www.cicollective.co.za
Trustee: FirstRand Bank Limited Tel: (011) 371 2111.




Source: Morningstar Direct